NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2021

EKONOMIE

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 ure 300 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en subeksaminatore, wat almal 'n standaardisasievergadering moet bywoon om te verseker dat die riglyne konsekwent geïnterpreteer en toegepas word gedurende die nasien van kandidate se antwoordstelle.

Die IEB sal nie enige gesprek of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Daar word besef dat daar verskillende sienings oor sekere sake van beklemtoning of besonderhede in die riglyne kan wees. Daar word ook besef dat sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardisasievergadering, daar verskillende interpretasies van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

IEB Copyright © 2021

AFDELING A

VRAAG 1 MEERVOUDIGE KEUSE

1.1 A
1.2 C
1.3 C
1.4 B
1.5 A
1.6 C
1.7 A
1.8 A
1.9 C
1.10 D

1.11 B
1.12 C
1.13 C
1.14 B
1.15 D
1.16 C
1.17 D
1.18 A
1.19 A
1.20 B

IEB Copyright © 2021

AFDELING B

VRAAG 2 MAKRO-EKONOMIE

2.1 2.1.1 Dit is 'n rekening van 'n land se handels- en finansiële transaksies (al die transaksies) wat deur die burgers van 'n land met mense en instellings in die res van die wêreld or 'n sekere tydperk onderneem is. (Drie maande of 'n jaar.)

2.1.2 Handelsuitvoere + netto gouduitvoer – handelsware-invoer
R432 659 miljard + R37 567 miljard – R389 875 miljard
= R80 351 miljard

2.1.3 Handelsbalans is in 'n surplus.
Want 'n surplus sal tot die appresiasie van die rand lei, invoere sal goedkoper word en toeneem, maar uitvoere sal duurder word en afneem.

2.1.4 R21 467 miljard – R60 427 miljard + R33 472 miljard = –R5 488 miljard
(geen berekenings vereis nie)
Bespreking: Die finansiële rekening het 'n tekort. Dit beteken beleggingsgeld gaan uit Suid-Afrika uit. Dit sal die rand depresieer, dus sal invoere afneem en uitvoere sal begin toeneem.

2.2 2.2.1 Regering
Buitelandse sektor

2.2.2 'n Styging in die rentekoers sal vraag verminder en huishoudings sal minder geld hê om aan goedere en dienste te bestee.
Vermenigvuldigereffek sal kleiner wees en nasionale inkomste sal daal.
Enige ander redelike antwoord.

2.2.3

Inspuitings	**Lekkasies**
Beleggings R551 miljard	Spaargeld R220 miljard
Uitvoere R360 miljard	Invoere R349 miljard
Staatsbesteding R722 miljard	Belasting R533 miljard
= R1 633 miljard	= R1 102 miljard

2.3 2.3.1 Inkomstemetode

2.3.2 R378 310 miljard + R640 890 miljard + R223 543 miljard
= R1 242 743 miljard
(ken slegs punt toe indien al drie syfers korrek is)
+ R33 457 – R20 897 = R1 255 503 miljard
(ken slegs punt toe indien albei syfers korrek is)
+ R44 500 – R6 430 (ken slegs punt toe indien albei syfers korrek is)
= R1 293 373 miljard

IEB Copyright © 2021

2.4 2.4.1 Handelsvoertuie: volg
Werkloosheidkoers: volg
Uitvoere: leidend

2.4.2 **Dit dui die rigting van die ekonomie aan:**

In 2017 het die ekonomie 'n negatiewe groei getoon, in 2018 herstel en weer in 2019 ingesink. (Baie onbestendig, onstabiel MAAR toekomstige groei.)

2.4.3 Uitgebreide monetêre en uitgebreide fiskale beleid.
Monetêr:
Laer rentekoerse – krediet sal goedkoper word en meer mense sal leen om vraag aan te dryf.
Verhoogde geldvoorraad – banke sal meer geld aan verbruikers beskikbaar stel om vraag en belegging aan te dryf.

Fiskaal:
Verhoogde staatsbesteding om poste en tenders moontlik te maak en inkomstevlakke te verhoog.
Laer belasting om meer besteebare inkomste en besteding te verseker.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 3 MIKRO-EKONOMIE

3.1 3.1.1 Markmislukking is 'n ondoeltreffende verspreiding van goedere en dienste in die vrye mark. **OF**
Die hoeveelheid wat voorsien is, is nie gelyk aan die hoeveelheid wat gevra word nie.

3.1.2 Aansienlike beheer oor pryse
'n Paar groot maatskappye domineer die mark
Toetrede of marktoegang is gratis, maar moeilik
Markinligting is onvolledig
'n Paar firmas in die mark
(3 × 2 punte)

3.1.3 Weens samespanning en prysvasstelling kan 'n oligopolie die pryse beheer en hulle na willekeur verhoog. Dit het inflasie tot gevolg.
'n Paar groot maatskappye domineer die mark **en** dit lei tot 'n gebrek aan voldoende mededinging en verskeidenheid.
Nuwe maatskappye sal dit moeilik vind om tot die mark toe te tree weens kapitaalvorming en likiede kapitaalvereistes.
Die kartellede het volledige markkennis, maar die verbruikers en ander maatskappye het onvolledige kennis. Dit kan tot uitbuiting van verbruikers lei.
Weens die dominasie van die mark beheer die paar groot maatskappye die aanbod van die produk/diens. Dit lei tot onvoldoende aanbod en hoë pryse.
(Enige 2 × 2 punte)

3.1.4 **Mededingingskommissie se oogmerke:**
Beskerm verbruikers
Verhoed firmas om beperkende praktyke te gebruik
Verhoed prysvasstelling
Verseker dat firmas nie markbeheer deur samesmeltings en verkrygings kry nie
(Enige 2 × 2 punte)

Ontleding: Nee, dit is 'n tandelose organisasie wat boetes oplê, maar uiteindelik nie die gedrag van maatskappye verander nie.

Ja, maatskappye is aan die kaak gestel en beboet.
(Maks. 2 punte)

IEB Copyright © 2021

3.1.5



Grafiek: (4 punte)
Benoeming van asse: % Inkomste en % bevolking
Benoeming van krommes: Volmaakte gelykheid en Lorenz
Dui 0–100% op albei asse aan
Dui enige ongelykheid aan, bv. 20% van bevolking verdien 5% van inkomste
Bespreking: (4 punte)
Onvolmaakte inkomsteverdeling is negatief omdat dit 'n armoede-gaping veroorsaak en 'n gevolglike armoedesiklus wat voortduur. Weens hierdie vorm van ongelykheid het sommige mense toegang tot hulpbronne soos onderwys/behuising, ens. en ander nie. (Inkomste is onbillik verdeel.)

3.2 **Hoekom ingryp:**
Om die armes teen hoë pryse te beskerm en om die prys onder markprys te stel (veral op basiese voedsel).

Sukses:
Dit lei tot laer aanbod en hoër vraag = tekort.
Dit kan ook tot swartmarkaktiwiteite en onwettige hoër pryse lei.
OF
Dit is suksesvol om die armes te beskerm en hulle toegang tot basiese voedselbronne teen laer pryse te gee.

3.3 3.3.1

A	30
B	5
C	2
D	–2
E	0

3.3.2 Normale wins/gelykbreek.

IEB Copyright © 2021

3.4 3.4.1 **Inkomste-elastisiteit van vraag:** Dit dui die sensitiwiteit van die hoeveelheid wat van 'n produk gevra word vir 'n verandering in inkomste.

3.4.2 **Petrol:** Positiewe inkomste-elastisiteit. Dit beteken dat die vraag na petrol sal toeneem wanneer inkomste styg en omgekeerd.
OF Dit is 'n normale produk.

Diesel: Negatiewe inkomste-elastisiteit. Dit beteken dat die vraag na diesel sal daal wanneer inkomste styg en omgekeerd.
OF Dit is 'n minderwaardige produk.

3.4.3 Vraag-en-aanbodkrommes
Vraagkromme skuif na links + pyltjies
X- en Y-asse: Prys en hoeveelheid
Hoeveelheid gevra verminder van Q tot Q1 + pyltjie en prys daal van P na P1 + pyltjie.



VRAAG 4 KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

4.1 4.1.1 Inflasie is 'n voortdurende styging in die algemene prysvlak van goedere en dienste oor 'n tydperk.

4.1.2 **Ja:** teen 'n gemiddeld van 3,99% is SA se inflasie binne die teikenkategorie van 3–6%,
Nee: die redelike lae inflasie is 'n teken van lae vraag in SA, wat nie positief vir groei en werkskepping is nie.
OF
Nee: die konstante styging dui 'n hoër prys en meer verbruikersdruk aan; dit kan 'n aanduiding wees dat die SARB beperkende maatreëls sal moet oorweeg.

4.1.3 Wanneer deflasie intree, kan dit 'n selfs dieper en erger krisis as inflasie veroorsaak.
Wanneer pryse daal, verlangsaam produksie en voorrade word gelikwideer. Vraag daal en werkloosheid neem toe.
Enige ander redelike antwoord

4.2 4.2.1 'n Depresiërende rand wat die invoer van Brent-ruolie duurder maak.
Verhoging van brandstof- en POF-heffings in SA.
Afname in aanbod van OPUL-lande, wat internasionale oliepryse laat styg. (Enige 2 × 2 punte)
Enige ander redelike antwoord.

4.2.2 Dit word duurder vir arbeid om by die werk te kom; minder besteebare inkomste = laer vraag het armoede verhoog.
Hulle eis hoër salarisse.

Dit kan tot laer vraag/produksie/groei in die ekonomie lei.
Dit kan ook hoër inflasie veroorsaak.

Dit maak die insetkoste/produksiekoste hoër = laer wins.
Hulle wil dalk werkers/aanbod verminder. (Maks. 8)
Enige ander redelike antwoord.

IEB Copyright © 2021

4.3 **4 punte vir 'n bespreking van elke faktor en 1 punt vir die voorbeeld.**
Stakings: Stakings veroorsaak aanbodtekorte, hoër insetkoste, laer wins en gevolglike hoër pryse.
Hoewel dit nodig is om vir beter lone, werksomstandighede, ens. te beding, kan dit die ekonomie benadeel.
Werkgewers is geneig om hande-arbeid te verminder en met tegnologie te vervang.
Bv. mynstakings; munisipale werkers se stakings; plaaswerkers (vrugtebedryf); tekstielbedryfstakings. (Maks. 5)

Arbeidswette: SA het streng arbeidswette wat werkers in 'n mate beskerm. Vanweë die streng wette, is SA se produksiekoste duurder as die van ander ontluikende mededingers. Dit het laer produksie, laer indiensnemingsyfers en 'n huiwerigheid om in SA in diens te neem, tot gevolg.
Bv. Wet op Basiese Diensvoorwaardes, minimum lone. (Maks. 5)

Tegnologie: Baie firmas meganiseer en wend die nuutste tegnologie aan. Die probleme: die meerderheid van die SA arbeidsmag is nie geskool om in 'n vierde nywerheidsrevolusie-omgewing te werk nie.
Hierdie hoëtegnologiefirmas het nie so baie werkers as voorheen nodig nie.
Bv. geoutomatiseerde vrugtepluk- en sorteringsmasjiene op plase; aanlyn inkopies, bankdienste. (Maks. 5)

4.4 4.4.1 Oktober 2018

4.4.2 Dit kan wees weens onmededingende pryse (vergeleke met ander BRIC-lande).
Dit kan wees weens 'n wêreldwye ekonomiese verlangsaming en minder vraag deur ander lande.
'n Sterker/geappresieerde rand kan daartoe lei dat SA-uitvoere te duur is. (Maks. 4)
Enige ander redelike antwoord.

4.4.3 'n Toename in uitvoere kan 'n hoër totale vraag beteken.
Hoër vraag kan firmas aanmoedig om hul uitset te verhoog om meer produkte te produseer. Firmas kan meer werkers in diens neem wat sikliese werkloosheid verminder. (Maks. 4)

4.5 C + I + G + (X – Z)
Die regering kan verbruikersbesteding d.m.v. staatsbesteding aan infrastruktuur verhoog om besteebare inkomste deur poste te verhoog. Dit sal vraag en die vermenigvuldiger skep = groei.
Uitvoere kan gestimuleer word deur rompslomp en subsidies aan produsente te verminder. Dit sal tot 'n invloei van buitelandse valuta lei om groei te stimuleer.
Laer belasting op plaaslike en buitelandse maatskappye sal tot verhoogde belegging lei. Dit sal na werk, inkomste en groter vraag lei om die ekonomie te laat groei. (Maks. 4)
Enige ander redelike antwoord.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 5 GEMENGDE VRAE

5.1 5.1.1 Dit is 'n kredietgraderingsagentskap.

5.1.2 **Risiko vir SA:**
Indien Moody's SA tot rommelstatus afgradeer, sal dit die land meer riskant vir beleggers maak en lenings sal die land meer kos (weens risikostatus). (Maks. 4)

Eskom is SA se enigste elektrisiteitsverskaffer. Die land se ekonomie is grootliks afhanklik van krag en potensiële beleggers kyk na 'n land se kragnutsdiens as 'n bepalende faktor vir belegging. Die regering moet gedurig borg staan vir Eskom en dit plaas spanning op die fiskus. (Maks. 4)
Enige ander redelike antwoord.

5.1.3 (a) **Twee redes:**
Dit is om die produsente te beskerm en 'n prys hoër as die markprys te verseker.
Die produsent sal dus voortgaan om te voorsien en sal in bedryf bly.
Poste sal veilig wees (volgens die regering) en die ligte sal aanbly. (Maks. 4)
Enige twee redelike antwoorde.

(b) **Positiewe uitwerking op Eskom:**
Eskom sal meer inkomste ontvang en sal meer verskaf. **OF**
Hulle sal besnoeiings en verdonkering vermy.
Negatiewe uitwerking op Eskom:
Wanneer die prys styg, sal Eskom meer krag voorsien, maar die vraag na krag sal afneem, aangesien verbruikers en besighede alternatiewe sal vind.
Dit sal tot 'n ooraanbod lei. (Maks. 6)

5.2 Meer VSA uitvoere na SA
Meer SA burgers belê in die VSA
Meer SA burgers besoek die VSA
Meer SA burgers spekuleer met die VS-dollar (enige 2 × 2 punte)

5.3 5.3.1 **Vry swewend:** die waarde van 'n land se geldeenheid word deur die kragte van vraag en aanbod bepaal. Die waarde van die geldeenheid kan van dag tot dag verander. Die regering speel geen rol nie.

Vas: die kragte van vraag en aanbod bepaal nie die waarde van die geldeenheid nie. Die plaaslike geldeenheid is vas teen 'n ander geldeenheid. Die regering gryp in en manipuleer die waarde van die geldeenheid deur middel van devaluasie en revaluasie/herwaardasie.

IEB Copyright © 2021

5.3.2 **Invoerkwotas:** dit is wanneer 'n regering invoere wil verminder deur die hoeveelheid van sekere produkte wat die land inkom, te beperk.
Invoerdeposito's: 'n som geld wat aan die regering deur invoerders van 'n gespesifiseerde produk betaal word by aankoms van die produk in die land voor sy uiteindelike verkoop. Invoerdeposito's word hoofsaaklik gebruik om invoere te ontmoedig.

5.4 Brexit: VK wat van die EU wegbreek.
Positiewe uitwerking: VK kan SA handelsbande hernu of selfs sy handel met SA verhoog sodra dit van die handelsbeperking van die EU weggebreek het.
Negatiewe uitwerking: SA maatskappye met takke in Europa en die VK kan negatief beïnvloed word. (Maks. 6)
Enige ander redelike antwoord.

5.5 5.5.1 **Diensontvangste:** van buitelandse toerisme (besteding aan hotelle, restaurante, ens.), vervoer (soos die heffing wat betaal moet word wanneer 'n skip in SA hawens vasmeer), ingenieurswese, sake-diensgelde (byvoorbeeld van prokureurs of bestuurskonsultasies).

Inkomste-ontvangste: wanneer SA-burgers meer geld oorsee verdien en belasting in SA betaal. Belasting op dividende op buite-landse beleggings wat terug in SA-rekeninge betaal word.

5.5.2 **Nominale BBP:** is BBP teen huidige markpryse geëvalueer. Daarom sal BBP al die veranderings in markpryse weens inflasie of deflasie wat in die huidige jaar voorgekom het, insluit.

Reële BBP: is 'n inflasie-aangepaste meting en word dikwels "konstante prys" genoem. Anders as nominale BBP kan reële BBP rekenskap gee van verandering in prysvlak en 'n akkurater syfer van ekonomiese groei gee.

5.5.3 Totale invoere het toegeneem.
Dit kan positief wees ten opsigte van kapitaalvorming (invoer van kapitaalprodukte). **OF**
Dit is negatief ten opsigte van die handelsbalans wat negatief in 'n tekort verander. Dit sal die rand depresieer (wat uiteindelik uitvoere verhoog).

IEB Copyright © 2021

AFDELING C

VRAAG 6 DATARESPONS

6.1 6.1.1 **Begrotingstekort: vind** plaas wanneer staatsbesteding inkomste oor 'n spesifieke tydperk oorskry.
Volgens Bron 1 het SA 'n 4,2% of R210,2 miljard begrotingstekort.

6.1.2 **Berekening:**

$$\frac{\text{Reële BBP van huidige jaar} - \text{Reële BBP van vorige jaar}}{\text{Reële BBP van vorige jaar}} \times 100 = \%$$

Tevrede:
Ja: Daar is steeds groei bo 1% wat positief is en die tendens is opwaarts.
Nee: SA het 5% groei nodig om die groot werkloosheidskoers die hoof te bied.

6.1.3 Die tendenslyn is opwaarts, d.i. skulddienskoste sal styg.
SBO's in SA het deurlopend finansiële probleme en het voortdurend 'n reddingsboei van die regering nodig. Hierdie uitgawe verhoog die begrotingstekort en dwing die regering om meer geld te leen.
Rentekoerse kan ook styg (weens SA se toenemende risiko).
Enige EEN redelike argument.

6.1.4 Netto leningskuld tot BBP dui die algehele skuldsituasie van 'n land aan. Dit vergelyk 'n land se soewereine skuld met sy totale ekonomiese uitset vir die jaar.

Uitwerking: die netto leningskuld tot BBP is besig om toe te neem. Dit beteken SA sal 52% van sy totale produksiewaarde terug moet betaal om sy skuld te delg. Dit is baie negatief en laat slegs 48% van produksiewaarde oor om in die land te spandeer.

6.2 6.2.1 **Suksesvol:**
Hoër inkomste vir fiskus = styging in staatsbesteding.
Die hoër koste van hierdie items kan 'n daling in vraag toon of gedrag verander.

Onsuksesvol:
Hierdie items is onelasties weens hul gewoontevormende aard en gedrag en vraag sal nie verander nie (verander marginaal).
Hoër inflasie, minder besteebare inkomste, minder vraag na ander items.
Albei suksesvolle en onsuksesvolle argumente moet bespreek word.
(Enige 3 × 2 punte)

IEB Copyright © 2021

6.2.2 **Onderwys:** 21% (Maks. 2)
Hoekom?
SA het tekorte aan uiters noodsaaklike vaardighede en gekwalifiseerde arbeid. Deur onderwys te verbeter sal skoliere in staat gestel word om instellings van hoër leer by te woon en hierdie vaardighede te verwerf.
'n Opgeleide werksmag sal beleggers lok.
'n Opgeleide werksmag sal produktiewer wees = hoër groei.
'n Opgeleide werksmag sal waarskynliker in diens geneem word.
(Maks. 4)
Enige ander redelike antwoord.

6.2.3 **Fiskus:**
Positief: Hoër inkomste vir die fiskus/regering.
OF
Negatief: Belastingontduiking of laer vraag weens minder beskikbare kontant en laer besteding.
Vermenigvuldiger:
Negatief: belasting is lekkasies en sal die marginale geneigdheid om te verbruik en die vermenigvuldiger verlaag wat tot 'n laer styging in nasionale inkomste sal lei.

6.2.4 **Hoekom?**
BTW is 'n regressiewe belasting wat almal raak – die armes word die swaarste deur hierdie tipe belasting getref. Om die uitwerking van die hoër BTW-koers op die armes te verlig, het die regering meer noodsaaklike items ingesluit.

Bv. (enige 2) bruinbrood, groente, sanitêre doekies, droë bone, stampmielies, mieliemeel, mielies, rys, vrugte, groente-olie, brood-/ koekmeel, eiers, melk, sardyne in blikkies.

6.2.5 Progressief: hoe meer mens verdien hoe meer belasting betaal jy.

IEB Copyright © 2021

6.2.6



Grafiek: (4 punte)
Benoeming van asse: Belastinginkomste en belastingkoers
Die Laffer-kromme met belasting op sy maksimum aangedui

Verduideliking: (4 punte)
Dit toon die verhouding tussen belastingkoerse en die hoeveelheid belastinginkomste wat deur regerings ingesamel word.
Die kromme word gebruik om te illustreer dat hoe meer 'n aktiwiteit soos produksie belas word, hoe minder inkomste word gegenereer.
Hoe hoër die belastingkoers hoe minder waarskynlik sal mense werk en dus sal belastinginkomste afneem. (Maks. 4)

Totaal: 300 punte

IEB Copyright © 2021